# LES 1 ’n GEHEELBEELD VAN HIERDIE JAAR SE KURSUS: ’n KURSUS OOR DIE BAND WAARMEE GOD ONS AAN HOM VASBIND – DIE VERBOND

## 1. Ons tema hierdie jaar gaan oor die verbond van God

Ons gaan hierdie jaar die hele jaar met net **een saak** uit die Bybel besig wees. Hierdie saak word die **verbond** van God genoem.

**Wat is die verbond?**

- Kom ons lees nou eers Genesis 17 verse 1 tot 8.

Die Bybel noem die **band** waarmee God mense aan Hom vasbind – die verbond.

## 2. God se verbond bind vas

Wat gebruik ons alles om goed mee vas te maak en vas te bind?

- Ons gebruik **tou** om *pospakkies* vas te bind.
- Ons gebruik **kettings** om ons *fietse* vas te maak.
- Ons gebruik **kleeflint** om *plastiek* vas te plak.
- Ons gebruik **gom** om *papier* mee vas te plak.

Maar hoe is **mense** aan mekaar vasgebind?

Mense word ook aan mekaar vasgebind. Om vasgebind te wees, maak dat mense bymekaar bly en nie losraak van mekaar, of wegraak van mekaar nie.

Die band wat mense aan mekaar vasbind, is ***anders*** as tou, kettings of gom. Stem jy saam?

Grootmense en klein mensies word aan mekaar vasgebind met ’n band wat genoem word ouer en kind. Wat maak dat jy by die grootmense bly en die hele tyd saam met hulle leef? Die **band** van ouer en kind. Om ’n ouer te wees, is ’n **band** wat jou aan ’n ander mens vasbind – jou kind.

Daar is nog baie sulke bande:

- Vriendskap
- Om gekys, verloof of getroud te wees
- Om besigheidsvennote te wees
- Om onderwyser en skolier te wees

God het ook ’n manier om ons aan Hom te bind. Hierdie band se **naam** is – die verbond.

## 3. Alle mense is vasgebind aan God omdat Hy die Skepper is

Alle mense wat vandag lewe en wat al gelewe het, en wat nog sal lewe, was en is en sal altyd aan God vasgebind wees. Daar is glad nie enige mense in die skepping wat van God

los is nie! Waarom nie? Want God is die Skepper en geen mens kan los wees van die Skepper nie.

**Skematies kan ons dit so voorstel:**

God, die Skepper

↓

bind alle mense aan Hom
Daar is 'n band, 'n verbintenis,
'n verbond tussen God

↓

en mense van alle tye en plekke

Maar kom ons kyk verder …

Al is daar 'n **band** tussen God, die Skepper, en alle mense, is die band anders met **een groep mense as met 'n ander groep mense.**

Kom ons verduidelik dit eers met 'n voorbeeld:

Hoe verskil die band tussen 'n paartjie wat pas getroud is en stralend uit die kerk uitkom, van die band tussen 'n man en vrou wat vir 25 jaar getroud was en nou geskei is?

| Hoe is die band tussen die pas-getroudes? | Hoe is die band tussen die geskeides? |
|---|---|
| ______________________ | ______________________ |
| ______________________ | ______________________ |
| ______________________ | ______________________ |

Hoe verskil die twee bande?

______________________________________________

______________________________________________

Voel jy oortuig dat daar 'n baie groot verskil is tussen die bande tussen bogenoemde twee voorbeelde?

Kom ons praat oor die band wat jy met jou Pa het, en die band wat jy met die Kafee-eienaar het waar jy brood en melk koop.

Hoe is die band tussen jou en jou Pa?

______________________________________________

Hoe is die band tussen jou en die Kafee-eienaar?

Net so: Daar is net twee bande (twee verbonde) waarmee God mense aan Hom bind…

…… **óf** deur sy wetsband of wetsverbond.
…… **óf** deur sy genadeband of genadeverbond

**Skematies kan ons dit so voorstel:**

God, die Skepper

↓

bind alle mense op aarde aan Hom

**óf** deur die wetsverbond | **óf** deur die genadeverbond

deel van die mensdom onder die wetsverbond | deel van die mensdom onder die genadeverbond

**Wat beteken die naam "wetsverbond"? Waarom gebruik ons so 'n naam vir die wetsband van God met mense?**

Die woord wat baiekeer vir die **wetsverbond** gebruik word, is "**Sinaïverbond**" omdat die Tien Gebooie, die wet, by die **berg Sinaï** aan Israel gegee is. Dis daarom dat ons van die verbond wat God met Israel gemaak het by Sinaïberg, praat as die Sinaïverbond of die wetsverbond. (Ons sal nog in die volgende lesse praat oor die wetsverbond en hoe dit werk, maar **hier** wil ons net leer **daar is so 'n verbond** en ***waarom*** die wetsverbond so genoem word.)

**Wat beteken die naam "genadeverbond"? Waarom gebruik ons so 'n naam vir die genadeband van God met mense?**

Die **genadeverbond** kry sy naam van die feit dat God sondaars sy kinders maak, en hulle aan sy goedheid en liefde vasbind.

Dit is ***soos*** met die **band tussen skoolhoof en skoliere**. Hierdie band bind die skoliere aan die sorg en toesig van die hoof. Hy kyk dat dit met sy skoliere goed gaan: hy sorg vir goeie onderwysers wat hulle werk doen, hy sorg vir goeie skoolgeboue en toerusting, en

hy sorg vir goeie sportgeleenthede met ander skole. Skoliere is vasgebind aan sy liefde as hoof.

Hierdie band sluit egter almal buite die skool uit. Van hulle verwag hy net dat hulle reg sal optree soos dit hoort. Hy is nie vir hulle ’n hoof nie.

Kom ons probeer dit só onthou:

- Die **band** waarmee God ons in sy **liefde** vasbind, word die **genadeverbond** genoem.
- Die **band** waarmee God ongelowige mense uit sy liefde uitsluit, word die **wetsverbond** genoem.

Ons sal nog in die volgende lesse en die res van hierdie jaar, praat oor ***hoe*** die wetsverbond werk en ***hoe*** die genadeverbond werk, maar **hier** wil ons **nou** net leer daar is sulke verbonde, en waarom hulle sulke name het.)

Hier kom nog ʼn ontdekking…

**4. Die genadeverbond bestaan uit twee dele: die Abrahamsbelofte en die Dawidsbelofte**

Nog iets wat ons van die Here se genadeverbond gaan leer, is dat dit uit twee verskillende beloftes bestaan wat saam een band vorm.

Die genadeverbond van God kan ons met ’n fietsketting vergelyk. ’n Fietsketting is een band waarmee jy ’n fiets vasmaak. Maar dit bestaan uit twee dele: die ysterdeel wat ’n ketting, is en ’n buitelaag wat rubber of plastiek is.

Die band waarmee God ons vasbind bestaan ook uit twee dele: die een deel word

- die Dawidsbelofte genoem, en die ander deel
- die Abrahamsbelofte.

**5. Jesus maak die genadeverbond vir ons waar**


Ons is sondaars. Ons hou van sonde en ons doen sonde. Dit is nie net heidene en mense wat nie Christene is nie, wat van sonde hou en sonde doen nie. Ons is ook so! Al is ons Christene! Ons wil van geaardheid nie aan God gebind wees nie, nes alle ander heidene.

Hoe kan God Hom aan sondaars vasbind sonder om self soos hulle te word en hulle sonde goed te maak?

Hoe kan God mense wat nie gebind wil wees nie, só vasmaak dat hulle dit aanvaar en goedvind?

Die antwoord is: Dit is die werk wat Jesus doen. Hy maak die verbond waar.

**<u>Hier is die skema van alles saam:</u>**




**Kom ons vat saam:**

Die hele jaar se werk kan ons só saamvat:

1. God het ’n **band** met **alle** mense.

2. Sy **kinders** bind Hy met sy **genadeverbond** aan Hom vas.

3. **Ongelowiges** bind Hy met sy **wetsverbond** buite sy liefde vas.

4. Sy **genadeverbond** bestaan uit die beloftes aan Dawid, en die beloftes aan Abraham.

5. **Jesus** maak die genadeverbond vir gelowige sondaars waar.